TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: ..NG Kerk Dias..... **Sinode: *NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

X Kerkraad
¨ Wyke
¨ Kleingroepe
X Lidmate: byeenkoms
¨ Lidmate: individueel
¨ Ander: ...Gemeentevergaderings na eredienste te Port Alfred en Boesmansriviermond.....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

¨ Ja
X Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Die kerkraad is tevrede met die voorstel oor die konfessionale basis.
Daar bestaan egter kommer oor die moontlikheid na na kerkhereniging die Belhar Belydenis as dwingende vereiste vir alle lidmate gemaak kan word.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Geen byvoeging is voorgestel nie, maar dit is nodig dat die sinode kennis neem van ‘n gebrek aan vertroue by sommige kerkraadslede en lidmate oor die volhoubaarheid van die voorstel nadat kerkhereniging eers plaas gevind het.

Nuwe/ ander voorstelle?

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Die voorstel oor die model is so aanvaar.

Weereens bestaan kommer by sommige kerkraadslede en lidmate dat die nuwe kerkvergaderinge die selfstandigheid van die gemeente kan bedreig.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Die gemeente is reeds op deurlopende basis betrokke by gesprekke en hulpverlening aan twee VGK gemeentes in ons omgewing. Ons is daarvan oortuig dat dit so moet voortgaan en verder uitgebou kan word.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Die kerkraad het kennis geneem van die probleme tussne die VGK en die NGKA in die verband en bid die betrokke kerke die Here se leiding en sterkte toe.

Plaaslik, het ‘n afvaardiging van die kerkraad onlangs met die kerkraad van die VGK Boesmansriver ontmoet om juis te praat oor die verhoudinge tussen ons twee gemeentes. Ons was aangenaam verrras om te ervaar dat daar groot waardering teenoor ons gemeente bestaan en ‘n totale afwesigheid van bitterheid of ongelukkigheid oor die verhoudinge bestaan. Die basis vir verdere bou aan die verhoudinge is beslis daar. Die gesprek is opgevolg met ‘n gesamentlike erediens waaraan albei gemeentes deelgeneem het.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van ’n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van ’n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Geen voorstelle is in die verband gemaak nie. Indien ’n formule gevind kan word waar die verskillende kerke se sentimente oor hlle eie name geakkommodeer kan word, kan dit baie bydra tot die beter verloop van die proses.

.....

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Kyk assebief na die aanhangsel vir ’n verduideliking van hoe die proses in die gemeente verloop het, asook kommentaar wat in die verband ontvang is.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Aanhangsel by die vraelys oor kerkhereniging

1. Die kerkraad van Dias het in November 2006 op versoek van die Ring van Albanie besluit dat gesprekke oor kerkhereniging moet plaas vind.
2. Voordat dit kon gebeur het Ds Weeber 'n beroep na Barrydale aanvaar en is die gemeente vakant gelaat. As gevolg daarvan het die gesprekke agterweë gebly.
3. Dr Mike Smuts is op kontrak aangestel om as brugpredikant verantwoordelikheid te neem vir die eredeinste en kerkraadsaangeleenthede.
4. Die kerkraad het besluit om nie dadelik te beroep nie, maar om eers 'n ondersoek te doen na die bedieningsbehoeftes van die gemeente en in die lig daarvan oor die beroeping van 'n predikant(e) te besluit. Die ondersoek en gemeentevergaderings in die verband het ook meegebring dat die gesprekke oor kerkeenheid agterweë gebly het.
5. Nadat die ondersoek afgehandel is, en die proses vir die beroeping van 'n predikant begin het, het die kerkraad besluit dat die gesprekke oor kerkeenheid moet plaas vind. Dit is gedoen by twee gemeentevergaderings te Port Alfred en Boesmansriviermond. Vooraf is 'n dokument wat Mike Smuts opgestel het aan alle lidmate beskikbaar gestel.
6. Die gesprekke was indringend en openhartig. (kyk verderaan vir komentaar oor die inhoud van die gesprekke.)
7. Nadat die gesprekke plaasgevind het, het die versoeke van sinodekant gekom vir nuwe gesprekke. Die kerkraad het geoordeel, dat in die lig van die groot aantal gemeentevergaderings wat met die ondersoek na die bediening plaas gevind het, asook die pas afgelope vergaderings oor kerkeenheid, daar nie weer met die lidmate nou gesprek gevoer moet word nie.
8. Die kerkraad het op sy onlangse vergadering die voorstelle wat deurgestuur is, bespreek en die voorafgaande verslag is die resultaat daarvan.

Kommentaar wat tydens die gemeentevergaderings en die kerkraadsvergadering na vore gekom het:

1. Daar is lidmate en kerkraadslede wat steeds nie oortuig is van die Bybelse noodsaaklikheid van kerkeenheid/ kerkhereniging nie.
2. Onderliggend tot baie van die kommentaar van lidmate wat bedenkinge het, is 'n vrees dat ons op alle terreine ons seggenskap oor ons eie sake moes prys gee en dat ons dit nie ook in die kerk wil verloor nie.
3. Saam met die voorafgaande is daar die gebrek aan vertroue en die vrees dat konsensus besluite wat nou geneem word, nie eerbiedig sal word as eenheid eers plaasgevind het nie; dat dit met 'n eenvoudige meerderheidstem gerepudieer kan word.
4. Die behoud van 'n eie taal en styl van aanbidding is vir al ons lidmate – die ten gunste van kerkeenheid en die met bedenkinge daaroor – van die allergrootste belang.
5. Baie van die huiwering en bedenkinge by sommige lidmate kan toegeskryf word aan 'n mate van onkunde oor die aard, prosedures en werkwyse van kerklike meerdere vergaderinge. Die verskil tussen gewone sekulêre vergaderings/organisasies en die kerklik presbiteriale kerkregering word nie altyd genoegsaam vestaan nie en dra by tot die onrustigheid.
6. By enkele lidmate is daar wantroue oor die manier waarop die proses hanteer word en die persone wat daarby betrokke is.

Mike Smuts
Voorsitter: Kerkraad van die NG Kerk Dias
31 Oktober 2007